# ATKV-betrekkings

## ATKV-Drakensville

## Assistent-restaurantbestuurder

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde assistent-restaurantbestuurder by sy vakansieoord, ATKV-Drakensville.

Die ATKV volg ’n gelyke indiensnemingsbeleid.

**Vereistes**

- Ten minste ’n graad 12-sertifikaat met bewese toepaslike kwalifikasies;
- Ten minste drie jaar se ondervinding in die restaurantbedryf;
- Uitgebreide kennis oor voedsel en drank;
- Moet onder druk en selfstandig kan werk;
- Moet ten volle tweetalig wees.

**Vernaamste verantwoordelikhede**

- Kliëntediens in ’n restaurant sowel as ’n kroeg;
- Moet netheid en die algemene voorkoms van die restaurant en kroeg verseker;
- Moet voorraad beheer en bestuur;
- Personeelbestuur ten opsigte van moraal, netheid, motivering en skedules;
- Moet die bestuur bystaan met daaglikse en maandelikse finansiële take;
- Nakoming van beroepsgesondheids- en veiligheidsreëls;
- Opbrengsbestuur en die uitbreiding van buite-entiteite, naamlik wegneemetes en die koskar.

As jy vir so ’n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

Lizelle Miller by DVBetrekkings@atkv.org.za
Sluitingsdatum: **10 May 2024 voor 12:00**
Gebruik as verwysing: **DVREST02**

**Geen behuising word verskaf nie.**

**As jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**